Agtergrond

Sakeliga was voorheen bekend as AfriSake. AfriSake is in 2011 deur vooraanstaande sakelui gestig en het vinnig gegroei tot die sterkste sakeregtewaghond in Suid-Afrika. AfriSake het in 2018 ‘n splinternuwe baadjie aangetrek en Sakeliga geword. Sakeliga het besef dat ons meer sal moet doen as veg. Ons moet ook bou. Sakeliga bou aan ‘n selfstandige sakegemeenskap waar sakelui mekaar kan ondersteun en meer effektief maak. ‘n Sakenetwerk is sterker as individuele sakeondernemings.

Sakeliga is ‘n onafhanklike, nie-winsgewende gemeenskapsinstelling vir sakelui in die algemeen, maar klein- en mediumsakeondernemings in die besonder. Sakeliga het ‘n onafhanklike direksie wat bestaan uit senior sakelui uit bykans elke sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Sakeliga werk graag saam met ander gemeenskapsinstellings oor sake van gemeenskaplike belang.

By Sakeliga beywer ons onsself vir die volgehoue sukses van die sakesektor, deur ‘n gunstige sakeomgewing te bevorder, sakelui teen skadelike inmenging te beskerm en te streef na ‘n voorspoedige ekonomiese netwerk. In kort, Sakeliga skep en beskerm die omgewing waarbinne die sakegemeenskap, en die gemeenskap in die breë sake doen, gebaseer op ‘n vryemarkstelsel en op grond van ‘n sterk gemeenskapswaardestelsel.

Lidmaatskapopsies en voordele

By Sakeliga assosieer jy jou (en jou besigheid) met ‘n sakegemeenskap wat jou verstaan, vir jou omgee en wat hulle beywer vir jou vooruitgang. Met meer as 12 500 lede, verseker Sakeliga se kollektiewe bedingingsmag dat jy nie uitgelewer is aan ekonomiese en politieke skommelinge nie. Die samehorigheid onder Sakeliga-besighede skep ‘n selfstandige sakegemeenskap wat voorspoed skep vir jou, jou afhanklikes en jou gemeenskap.

Hoe kan mense betrokke raak by Sakeliga?

- Word ‘n ondersteuner (minimumbedrag R100 per maand – onbeperk)
- Word ‘n Sakelid (minimumbedrag R300 per maand – onbeperk)

Lede en ondersteuners wat meer as R1000 per maand bydra, word uitgenooi om deel te word van Sakeliga se liga-klub. Dit is mense wat graag op ‘n meer strategiese vlak met mekaar wil skakel.

Sakeliga-ondersteuners

Sakeliga-ondersteuners se bydraes word aangewend om

- studiehulp te verleen aan jongmense wat in besigheidsrigtings studeer (Sakeliga het in 2019 R300 000 toegeken aan Akademia-studente wat in besigheidsrigtings studeer)
- projekte aan te pak teen Swart Ekonomiese Bemagtiging (BEE) en ander vorme van staatsinmenging; (Sakeliga se span ontleders stel gereeld verslae en kommentaarstukke op wat tot in die parlement bespreek word)
- hofsake te voer teen bv. Eskom, munisipaliteite en grondbesetters; (Sakeliga het ‘n interdik en kostebevel teen BLF bekom omdat hulle onwettige grondbesettings aanhits. Sakeliga

het as vriend van die hof regsargumente gevoer wat uiteindelik tot die Resilient-saak uitspraak gelei het. Die uitspraak verklaar dat munisipaliteite en staatsinstellings bene van die staat is en as sulks enige geskille onderling moet uitsorteer. Die praktiese uitkoms is dat Eskom nie gemeenskappe se krag mag afsny weens munisipaliteite wat nie hul verpligtinge nakom nie.)

- en tegnologieoplossings te ontwikkel wat dit vir sakelui makliker maak om met mekaar te netwerk en sake te doen.

Sakeliga se gewaardeerde ondersteuners kan op versoek ‘n artikel 18A-belastingsertifikaat ontvang en word genooi na al Sakeliga se funksies.

Sakeliga-lidmaatskap

By Sakeliga assosieer jy jou (en jou besigheid) met ‘n sakegemeenskap wat jou verstaan, vir jou omgee en wat hulle beywer vir jou vooruitgang. Sakeliga-lidmaatskap is ontwerp vir sakelui in die algemeen, maar spesifiek vir eienaars van klein- en mediumsakeondernemings wat al meer deur skadelike regeringsbeleide verdruk word.

Met meer as 12 500 lede, verseker Sakeliga se kollektiewe bedingingsmag dat jy nie uitgelewer is aan ekonomiese en politieke skommelinge nie. Die samehorigheid onder Sakeliga-besighede skep ‘n selfstandige sakegemeenskap wat voorspoed skep vir jou, jou afhanklikes en jou gemeenskap.

Sakeliga beding deurlopend gunstige samewerkingsooreenkomste wat besigheidsvoordele aan ons lede bied.

Bemarkingsvoordele

Sakeliga skep ‘n alternatiewe ekonomiese infrastruktuur waar sakelede met mekaar kan sake doen én groter blootstelling in die mark geniet. Sakeliga het strategiese ooreenkomste met sleutelmediavennote soos PretoriaFM en Maroela Media.

Arbeidsreg

Sakeliga het namens sy lede ‘n samewerkingsooreenkoms met die LWO Werkgewersorganisasie gesluit. As deel van die ooreenkoms ontvang Sakeliga-lede die volgende voordele by die LWO:

- ‘n Gratis eerste telefoniese arbeidsregkonsultasie
- Afslag van 25% op die LWO se eenmalige aansluitingsfooi.
- ‘n Maatskappybesoek met opleiding oor wat van jou as werkgewer verwag word, arbeidsregdokumentasie en hulp om die dokumentasie te implementeer
- Uitnodigings na gratis arbeidsregwerkswinkels

Besigheidsafrigting

Sakeliga het 30%-afslag beding met Fergus Fergusson van Action Coach vir besigheidsafrigting. Sakeliga-lede kan inskryf vir individuele besigheidsafrigting of groepsafrigting.

Advies en regsvoordele teen onwettige grondbesettings

Onwettige grondbesettings is nie beperk tot landbougrond nie, maar vind dikwels juis in stedelike gebiede, insluitende sakegebiede, plaas. Sakeliga bied:

- Algemene telefoniese advies oor jou regte en verpligtinge wanneer ‘n besettingsprobleem op jou eiendom plaasvind of jou grond geteiken word vir onteiening.
- ‘n Onteienings hulpplatform, Grondgryp911. Indien ‘n besetting plaasvind bied Sakeliga se hulpplatform ‘n maklike aanlynmanier om al die nodige inligting bymekaar te kry wat ‘n prokureur kan benodig om advies te bied. Die inligting van die besetting kan direk deur die platform aan ons prokureurs wat hierdie sake hanteer gestuur word, sodat ‘n eerste konsultasie kan plaasvind. Besoek www.grondgryp911.co.za
- Sakeliga se lede wat R300 of meer per maand bydra kry 40%-afslag op afsettingsbevele. Die koste om ‘n afsettingsbevel te kry is baie hoog. Wanneer ‘n Sakeliga-lid deur Sakeliga se regspan ‘n afsettingsproses begin, kos dit die lid 40% minder.

Versekeringsprodukte

Virseker bied korttermyn- en besigheidsverskering aan Sakeliga-lede. Sakeliga ondersteun Virseker as versekeringsdiensverskaffer omdat ons ‘n teikenmark deel en ook gemeenskaplike opleidingsdoelwitte het – naamlik om behoeftige studente te help studeer. Sakeliga en Virseker ontwikkel tans ‘n unieke regsversekeringsproduk wat Sakeliga-lede wat afsettingsbevele moet bekom in die geval van onwettige grondbesettings se regskostes kan dek.

Internasionale sakenetwerke

Sakeliga heg hegte bande met handelsorganisasies in Nederland en Switzerland. Hierdie organisasies besoek Suid-Afrika van tyd tot tyd en sluit gunstige handelooreenkomste met Sakeliga-lede.

Netwerkvoordele

Die huidige sakeklimaat met al die inmenging en nadelige beleide van die regering, maak dit moeilik vir sakeondernemings om voort te bestaan. Sakeliga bied verskeie netwerkvoordele waardeur sy lede mekaar kan ondersteun op plaaslike en nasionale vlak. Dit vorm uiteindelik ‘n alternatiewe selfstandige sakeinfrastruktuur vir ons lede.

- ‘n Nasionale netwerkplatform word tans op die been gebring wat nie net saketransaksies tussen Sakeliga-lede gaan vergemaklik nie, maar ook blootstellingswaarde na ons lede se verbruikers en kliënte sal inhou.
- Sakeontbyte word gereeld gehou waar Sakeliga-lede na kundige sprekers kan luister terwyl hulle met mekaar netwerk.
- Prestige-netwerkgeleenthede word vir ligalede gehou wat meer as R1000 per maand bydra.
- Sakeliga bied deur die loop van die jaar verskeie praktiese werkswinkels met plaaslike kenners en hoërvlak strategiese en beleidskonferensies met internasionale sprekers aan. Lede kry afslag en kan selfs van die geleenthede gratis bywoon.
- Plaaslike sakeligas vorm op dorp- en streeksvlak netwerke waar sakelui met mekaar kan sake doen. As plaaslike sakegemeenskap kan daar ook druk op plaaslike regerings gedoen word wanneer die plaaslike ekonomie benadeel word.

Voordele van affiliasie:

Beter bevordering van plaaslike sakebelange

- Fasiliteer samewerking tussen verskillende plaaslike sakegemeenskappe oor soortgelyke behoeftes. Byvoorbeeld: om regskoste te bespaar wanneer Eskom dreig om ‘n dorp se krag weens munisipale skuld af te skakel.
- Ontwikkel sentrale ondersteuningstelsels vir maklike sakekamerbestuur. Byvoorbeeld: administrasie, ledebestuur en outomatiese invordering van ledegelde.
- Benut die voordele van die Sakeliga-handelsmerk om deelname en lidmaatskap in jou gemeenskap aan te moedig.

Beter bevordering van oorkoepelende sakebelange

- Skep groter bedingingsmag vanweë die omvang van groter Sakeliga-gemeenskap. Byvoorbeeld om sterker te staan teen staatsinmenging soos onteiening sonder vergoeding
- Vergroot gesamentlike koopkrag. Byvoorbeeld om afslag vir strategiese produkte en dienste te bekom.
- Bevorder privaat ekonomiese infrastruktuur. Byvoorbeeld deur privaat elektrisiteitsopwekking aan te moedig of privaat geskilbeslegtingsfasiliteite te ontwikkel.

Bedingingsvoordele

Sakeliga tree op verskeie vlakke in belang van sy lede op:

- Politieke- en beleidsvlak: Sakeliga van die beste beleid- en regskenners gebruik om namens ons lede kommentaar te lewer oor die impak van wetgewing en beleide op die sakegemeenskap en die ekonomie.
- Regsaksie: Sakeliga pak groot hofsake in belang van sy lede. ‘n Tipiese voorbeeld is hofbevele teen Eskom om kragonderbrekings te verhoed weens munisipale wanbetalings. Sakegemeenskappe kan nie gestraf word vir wanpresterende munisipaliteite nie.

Sakeliga-lidmaatskap beloop ‘n minimum van **R300 per maand** om vir voordele te kwalifiseer, maar sakelui word aangemoedig om na hulle vermoë te gee sodat ons ons beursfonds en regsfonds kan versterk. Sakeliga is ‘n nie-winsgewende organisasie en befonds al hierdie projekte uit ons ledebydraes.